



GRAAD: 12	BESIGHEIDSTUDIES	
TYD: 15 MINUTE	POST-TOETS 1	PUNTE: 30
INSTRUKSIES:	25 APRIL 2026	
1.	Beantwoord ALLE vrae op die ANTWOORDBLAD wat voorsien is.	
2.	Daar is slegs EEN korrekte antwoord vir elke vraag.	
3.	Lees die vrae/instruksies noukeurig deur.	
4.	Verskeie antwoorde word as moontlike opsies vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A-D) teenoor die vraag (1-15) op die ANTWOORDBLAD, byvoorbeeld: 1.1.5 D	
VRAE:		
1.	Die ... funksie gebruik prys tegnieke om mededingende voordeel vir die besigheid te verseker. A. openbare betrekkinge B. bemarking C. aankoop D. menslike hulpbron	
2.	Bottelary Vervaardigers handhaaf 'n lae werknemer omset. Dit is 'n gehalte-aanwyser van die ... funksie. A. menslike hulpbron B. aankoop C. bemarking D. finansiële	
3.	HR&S Boetiek verseker dat akkurate belastingbetalings betyds ingedien word. Dit is 'n voorbeeld van die gehalte van prestasie in die ... funksie. A. menslike hulpbron B. aankoop C. bemarking D. finansiële	
4.	Kontrole word tydens en na die produksieproses uitgevoer om te verseker dat die vereiste standaarde tydens elke fase van die proses behaal word: A. Gehaltebeheer B. Gehalte maatreëls C. Gehalteversekering	

	D. Totale gehalte bestuur	
5.	... is die vermoë van 'n produk/diens om aan die spesifieke behoeftes van die verbruikers te voldoen. A. Gehalte B. Gehalte prestasie C. Gehalteversekering D. Totale gehaltebeheer	
6.	Totale prestasie van elke afdeling gemeet teen gespesifiseerde standaard wat bereik kan word as alle departemente saamwerk. A. Gehalteversekering B. Totale gehaltebeheer C. Gehalte prestasie D. Totale gehalte bestuur	
7.	BMW doen inspeksie van al die klaar vervaardigde motors om te verseker dat dit aan die vereiste standarde voldoen. Dit staan bekend as ... A. Gehalteversekering B. Gehaltebeheer C. Gehalte prestasie D. Gehalte bestuur	
8.	WCB Boerdery gebruik verskillende tegnieke en instrumente om die gehalte van hul duiwe te verbeter. A. Gehalteversekering B. Gehaltebeheer C. Gehalte prestasie D. Gehalte bestuur	
9.	Die TGB-element naamlik ... sluit die toepassing van die BDKH-('PDCA')-model in. A. Voldoende finansiering en kapasiteit B. Deurlopende verbetering van prosesse en stelsels C. deurlopende vaardigheidsontwikkeling D. Monitering en evaluering van gehalte prosesse	
10.	'n Groep werkers met 'n verskeidenheid van vaardighede en ondervinding wat bymekaar kom om gehalte verwante probleme op te los en om verbeteringe te implementeer, verwys na ... A. gehalteversekering B. gehaltebestuurstelsels C. gehalte sirkel D. spanwerk	

11.	Die stap in die BDKH-model wat die ontwikkeling van idees om die besigheid se prosesse en stelsels te verbeter insluit: A. Doen B. Handel C. Kontroleer D. Beplan	
12.	Meje Konstruksie het die vermoë om gespesialiseerde en vaardige werknemers te bekostig asook menslike hulpbron deskundiges wat verseker dat opleidingsprogramme relevant en toepaslik is vir verhoogde kliënt-tevredenheid. Dit is die impak van ... as TGB-element op groot besighede. A. Voldoende finansiering en kapasiteit B. Deurlopende verbetering van prosesse en stelsels C. Deurlopende vaardigheidsontwikkeling D. Totale kliënte/klante-tevredenheid	
13.	Die volgende stellings beskryf die voordele van 'n goeie gehalte bestuur stelsel die beste: A. Verhoogde markaandeel; Hoë personeel omset; Skeduleer aktiwiteite; Stel gehalte sirkels bekend B. Verbeterde besigheidsbeleid; Tyd en hulpbronne word doeltreffend benut; Verhoogde markaandeel; Effektiewe kliëntediens C. Verhoogde markaandeel; Hoë personeel omset; Skeduleer aktiwiteite; Instel van gehalte sirkels; Onrealistiese spertye D. Skeduleer aktiwiteite; Hoë personeel omset; Onrealistiese spertye; Stel gehalte sirkels bekend	
14.	Identifiseer die stelling wat die impak van TGB as dit swak geïmplementeer word op besighede, die beste beskryf: A. Afname in verkope; Hoë personeel omset; Onrealistiese spertye; Afname in produktiwiteit B. Verbeterde besigheidsbeleid; Tyd en hulpbronne word doeltreffend benut; Verhoogde markaandeel; Effektiewe kliëntediens C. Verhoogde markaandeel; Hoë personeel omset; Skeduleer aktiwiteite; Instel van gehalte sirkels; Onrealistiese spertye D. Skeduleer aktiwiteite; Hoë personeel omset; Onrealistiese spertye; Stel gehalte sirkels bekend	

15.	Watter een van die volgende stellings beskryf maniere waarop TGB 'n impak op die vermindering van die koste van gehalte kan hê, die beste beskryf: A. Verhoogde markaandeel; Hoë personeel omset; Skeduleer aktiwiteite; Stel gehalte sirkels bekend B. Verbeterde besigheidsbeleid; Tyd en hulpbronne word doeltreffend benut; Verhoogde markaandeel; Effektiewe kliëntediens C. Verhoogde markaandeel; Hoë personeel omset; Skeduleer aktiwiteite; Instel van gehalte sirkels; Onrealistiese spertye D. Skeduleer aktiwiteite; Werk nou saam met verskaffers; Lei werknemers op; Stel gehalte sirkels bekend	
-----	--	--